# Sanlam-Staptoerklub:
## Jaarprogram 2026

Weergawe5: 24/11/2025

| | STAP | DATUM | BESPREEK VANAF | STAPLEIER / KOÖRDINEERDER |
|---|---|---|---|---|
| JAN | Strand-dagstap: Pavilion na Perdevlei en terug | **Saterdag 10 Januarie** | Maandag 5 Januarie | Steph du Toit 082 851 9953 |
| | Grabouw: Almenkerk | **Saterdag 17 Januarie** | Maandag 5 Januarie | Freddie en Susan Pohl 074 304 7678 |
| | Franschhoek: La Motte | **Saterdag 24 Januarie** | Maandag 12 Januarie | Werner Booyens en Brenda Sideratos 072 122 5216 |
| FEB | Volmaanstap, Plaisir Estate, Franschhoek | **Sondag 1 Februarie** | Maandag 19 Januarie | Gerrit en Mariette Nortjé 082 929 8493 |
| | Seepunt-V&A Waterfront | **Vrydag 7 Februarie** | Maandag 26 Januarie | Kobus en Edna Terblanche 082 379 3171 |
| | **ALGEMENE JAARVERGADERING** | **Saterdag 14 Februarie** | Maandag 12 Januarie | Amanda Matthee 082 570 3895 |
| | Majic Forest – lank | **Saterdag 21 Februarie** | Maandag 9 Februarie | Estelle Zietsman (bespreek by Amanda by 082 570 3895) |
| | Kaapstad: kano's roei | **Saterdag 28 Februarie** | Maandag 16 Februarie | Gerna Hough 082 978 8611 |
| MRT | Meerendal (of ander roete) | **Saterdag 7 Maart** | Maandag 23 Februarie | Arie en Arina van Eck 084 626 3301 (neem hitte in ag) |
| | Bettysbaai-naweek (12) | **Vrydagmiddag 13 – Sondag 15 Maart** | Maandag 12 Januarie | Gerna Hough 082 978 8611 (slegs WhatsApp-boodskappe) |
| | Jonkershoek: Twin Peaks Traverse | **Saterdag 21 Maart** | Maandag 9 Maart | Werner Dalziel 082 579 0968 |
| | Wildernis Ebb & Flow (Suidkus, naby George) (14) | **Vrydag 27 Maart – Woensdag 1 April** | Maandag 5 Januarie | Kobus en Edna Terblanche 082 379 3171 |
| APR | Ossewa-roete, Gantouwpas, Sir Lowryspas | **Saterdag 11 April** | Maandag 23 Maart | Amanda Matthee 082 570 3895 |
| | Bergrivierdam: Engelse Fort / Assegaaibos-kloof | **Saterdag 18 April** | Dinsdag 7 April | Werner Dalziel 082 579 0968 |
| | Robertson-naweek – Van Loveren (12) | **Vrydagmiddag 24 tot Maandag 27 April** | Maandag 19 Januarie | Freddie en Susan Pohl 074 304 7678 |
| MEI | Zevenwacht-dagstap | **Saterdag 2 Mei** | Maandag 20 April | Arie en Arina van Eck 084 626 3301 |
| | Paarlberg vanaf Spice Route | **Saterdag 9 Mei** | Maandag 27 April | Beulagh Keulder (bespreek by Amanda by 082 570 3895) |
| | Alphen-roete, Constantia | **Saterdag 16 Mei** | Maandag 4 Mei | Kobus en Edna Terblanche 082 379 3171 |
| | Tafelberg: Overseer's Cottage + dagstappe (16) | **Vrydag 22 – Sondag 24 Mei** | Maandag 16 Februarie | Werner Dalziel 082 579 0968 |
| | Kirstenbosch – Silvertree-roete | **Saterdag 30 Mei** | Maandag 18 Mei | Amanda Matthee 082 570 3895 |
| JUN | Koringberg-dagstap | **Saterdag 6 Junie** | Maandag 25 Mei | Magda Kritzinger / Esther Warnich |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Durbanville-heuwels | **Saterdag 13 Junie** | Maandag 1 Junie | Kobus en Edna Terblanche 082 379 3171 |
| | Tafelberg: Platteklipkloof | **Saterdag 20 Junie** | Maandag 8 Junie | Abrie Marais 082 578 3046 |
| | Silwermyn 1: Constantiaberg antikloksgewys | **Saterdag 27 Junie** | Maandag 15 Junie | Werner Dalziel 082 579 0968 |
| JUL | Kaapstad: Museum of Illusions + V&A Waterfront verken | **Saterdag 4 Julie** | Maandag 22 Junie | Amanda Matthee 082 570 3895 |
| | Paarl: Fairview | **Saterdag 11 Julie** | Maandag 29 Junie | Freddie en Susan Pohl 074 304 7678 |
| | **WINTERFUNKSIE (fotografie-werkwinkel)** | **Saterdag 18 Julie** | Maandag 6 Julie | Amanda Matthee 082 570 3895 |
| | Tafelberg Traverse - Extreme | **Saterdag 25 Julie** | Maandag 13 Julie | Werner Dalziel 082 579 0968 |
| AUG | Bainskloof dagstap (12) | **Saterdag 1 Augustus** | Maandag 20 Julie | Steph du Toit 082 851 9953 |
| | Blommekyk-naweek met kamp by Leentjiesklip (Langebaan), lang dagstap in Postberg, en ander stappe (12) | **Vrydagmiddag 7 – Maandag 10 Augustus** | Maandag 4 Mei | Amanda Matthee 082 570 3895 |
| | Jonkershoek: Perdeskoen | **Saterdag 15 Augustus** | Maandag 3 Augustus | Gerrit en Mariette Nortjé 082 929 8493 |
| | Cats se Pad, Mont Rochelle, Franschhoek (12) | **Saterdag 22 Augustus** | Maandag 10 Augustus | Werner Booyens en Brenda Sideratos 072 122 5216 |
| | Tafelberg: 3 Firs to Grootkop | **Saterdag 29 Augustus** | Maandag 17 Augustus | Werner Dalziel 082 579 0968 |
| SEPT | Tafelberg: Twaalf Apostels | **Saterdag 5 September** | Maandag 24 Augustus | Kobus en Edna Terblanche 082 379 3171 |
| | Anura-wynplaas | **Saterdag 12 September** | Maandag 31 Augustus | Wynand en Madeleine Krause 084 573 4376 |
| | Leopard's Trail – Baviaanskloof, Oos-Kaap (12) | **Saterdag 12 – Dinsdag 15 September (stapdatums)** | Maandag 8 Junie | Amanda Matthee 082 570 3895 |
| | Helderberg-dagstap | **Saterdag 19 September** | Maandag 7 September | Gerna Hough 082 978 8611 |
| | Bergrivierdam - Matoppie | **Saterdag 26 September** | Maandag 14 September | Werner Dalziel 082 579 0968 |
| OKT | Elgin-naweek (12) | **Vrydagmiddag 2 – Sondag 4 Oktober** | Maandag 29 Junie | Freddie en Susan Pohl 074 304 7678 |
| | Tygerberg-natuurreservaat | **Saterdag 10 Oktober** | Maandag 28 September | Gerrit en Mariette Nortjé 082 929 8493 |
| | Kaappunt-naweekstap (12) | **Saterdag 17 tot Sondag 18 Oktober** | Maandag 13 Julie | Santie Kies 082 299 1753 (onthou van die krediet wat ons by Sanparke het) |
| | Scarborough: Baskloof (12) | **Saterdag 24 Oktober** | Maandag 12 Oktober | Werner Dalziel 082 579 0968 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Dwarsberg Trout Hideaway (kamp en stap), Rawsonville (20) | **Vrydagmiddag 30 Oktober – Sondag 1 November** | Maandag 27 Julie | Amanda Matthee 082 570 3895 |
| NOV | Clara Anna Fontein, Durbanville | **Saterdag 7 November** | Maandag 26 Oktober | Wynand en Madeleine Krause 084 573 4376 |
| | Franschhoek: Jan Joubergsgat | **Saterdag 14 November** | Maandag 2 November | Werner Dalziel 082 579 0968 |
| | **JAAREINDFUNKSIE** | **Saterdag 21 November** | Maandag 19 Oktober | Amanda Matthee 082 5703 895 |
| | Wynkeldertoer (16) | **Saterdag 28 November** | Maandag 16 November | Steph du Toit 082 851 9953 |
| DES | Treinrit: Kaapstad – Kalkbaai en terug | **Saterdag 5 Desember** | Maandag 23 November | Amanda Matthee 082 5703 895 |
| | | | | |

* Syfer tussen hakies = getal mense wat volgens die permit, verblyf en/of vervoer kan saamgaan.

**LIDMAATSKAP EN ALGEMEEN**

- **Lidmaatskap 2026**: R110 vir die hooflid en R190 per gade en/of elke afhanklike kind bo 18. Elkeen moet 'n lidmaatskapvorm invul. Lidmaatskap hou baie voordele in: Jy kry 'n stap-infrastruktuur met 'n jaarprogram en stapleiers wat ervare is, voorkeur op besprekingslyste bo besoekers, 'n kleiner administratiewe heffing (R10 per dag vir lede teenoor R20 per dag vir besoekers). Die Stapklub se lidmaatskapvorm is by www.sanlamstaptoerklub.co.za.
- **Stapinligting en programwysigings**: Die program kan sonder voorafkennisgewing verander word (stappe reën uit, natuurreservate sluit roetes, ens.). Maak dus altyd seker van die datum, tyd, roete, vertrekpunt en koste. Die volledige program (boekieprogram) is vanaf die begin van die jaar beskikbaar. Die jongste nuus en stapinligting is egter altyd in die nuusbrief (enigeen kan inteken deur hul e-posadres vir ons te stuur), op SSWAG (WhatsApp-groep net vir lede) en op ons webwerf (www.sanlamstaptoerklub.co.za) beskikbaar. Ons WhatsApp-groep (SSWAG) is 'n diens aan lede. Ons gebruik dit om Sondagaande te laat weet watter stappe se besprekings die Maandag open, 5 terugvoer-foto's van elke stap plaas, en ander belangrike / onmiddellike nuus te deel.
- **Koste**: Permitgeld (indien van toepassing), brandstofdonasie (dagstapformule met 4 mense per motor, oornagstapformule met 3 mense in motor OF reël self onderling), verblyf (indien van toepassing), en administrasieheffing van R10 per lid per dag of R20 per besoeker per dag. Adminfooi vir kinders onder 12 = R10 per dag.
- **Ander belangrike datums vir 2026**: Kaapstad Fietstoer: 8 Maart. Menseregtedag: 21 Maart. Paasnaweek: 3 – 6 April. Vryheidsdag: 27 April. Werkersdag: 1 Mei. KKNK: 28 Maart – 4 April. Moedersdag: Sondag 10 Mei. Jeugdag: 16 Junie. Vadersdag: Sondag 21 Junie. Vrouedag: 9 – 10 Augustus. Erfenisdag: 24 September. Versoeningsdag: 16 Desember. Kersdag: 25 Desember.

**HOE OM TE BESPREEK VIR 'N STAP**

- **Wanneer**: Besprekings vir oornagstappe open 3 maande voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings vir dagstappe open 2 weke voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings word by die stapleier (of stapkoördineerder indien daar stapleier én stapkoördineerder is) gedoen.
- **Lede en nie-lede**: Op alle oornagstappe met 'n beperkte getal persone kry lede vir die eerste twee weke voorkeur bo nie-lede. *Maak dus seker jou ledegeld is betaal indien jy nie wil afskuif op die lys nie!*

- **Prosedure**: Jy kan *stiptelik vanaf 07:00* bespreek die oggend waarop die besprekings open. Jy kan bespreek deur te bel, 'n stemboodskap te los, of 'n WhatsApp of SMS te stuur. Hierdie verskillende oproepe en boodskappe word dan afgehandel in die volgorde wat hulle, volgens die tyd aangedui, ontvang is. Vir alle stappe met 'n vaste groepgrootte mag jy net vir TWEE mense bespreek. Indien jy bel, hou asseblief jou boodskap of stempos kort. Enige stemposse, boodskappe en oproepe VOOR 07:00 skuif na die einde van die lys wanneer die stormloop afgekoel het. Plekke op 'n stap word daarna toegeken. Aansoekers sal dan so gou moontlik in kennis gestel word of hulle suksesvol was of nie.
- **Jou verantwoordelikheid**: Jy kan tydens die eerste ses weke nadat die besprekings vir oornagstappe geopen het, kanselleer sonder enige aanspreeklikheid vir koste. Ses weke voor die stapdatum is die volle bedrag betaalbaar. As jy binne een maand voor die stapdatum kanselleer, verbeur jy die volle bedrag, tensy daar ’n persoon op die waglys is of jy iemand in jou plek kry wat vir die bestuur en stapleier aanvaarbaar is.
- **Fiksheid vir veeleisende stappe**: Daar word verwag dat jy sal sorg dat jy fiks genoeg en voorbereid is om die stap mee te maak maar die finale beslissing berus by die stapleier.

**HOE OM STAPGELD TE BETAAL**

- **Internetbetalings in die “62-rekening”**: First National Bank. Rekeningnaam: Sanlam-Staptoerklub. Rekeningnommer: 62049730999. Tak: Civic Centre, Bellville. Takkode: 200910.
- **Inbetalingsbewys vir stapgeld**: Stuur aan André Venter by andre@matimbers.co.za
- **Verwysing by jou inbetaling**: jou naam en van + die stap se naam (bv. Piet Smuts Kaappunt)

**HOE OM LEDEGELD TE BETAAL**

- **Internetbetalings in die “62-rekening”**: First National Bank. Rekeningnaam: Sanlam-Staptoerklub. Rekeningnommer: 62049730999. Tak: Civic Centre, Bellville. Takkode: 200910.
- **Inbetalingsbewys vir ledegeld**: Stuur aan Steph du Toit by steph@essef.co.za
- **Verwysing by jou inbetaling**: jou naam en van + ledegeld (bv. Piet Smuts ledegeld)

www.sanlamstaptoerklub.co.za | Selfoon 082 570 3895 | amandam@mweb.co.za

***Kom verken die land saam met ons!***